

Saterdag 12 Mei

Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:13-21

Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:13

Gelowiges leef reeds toekoms in die hede

Hier in 1 Johannes 5:13 stel Johannes sy doel met hierdie “preekbrief”. Dit hou direk verband met die uitsprake van Jesus wat deur hom as oog- en oorgetuie in sy weergawe van die evangeliegebeure opgeteken is. Johannes 5:24 lui: *Dit verseker Ek julle: Wie luis-ter na wat Ek sê en glo in Hom wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie ver-oordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan.*

Beide die tekste impliseer dat die vasstaande waarheidsgetuie waarin geloof begrond is, die toekoms in die hede bring: Gelowiges het oorgegaan uit dood en veroordeling na lewe en vrypraak. Wie in die Vader glo en in Jesus as die Christus wat Hy hierheen gestuur het, hét die ewige lewe. Die ewige lewe is vir gelowiges nie vér-vaе toekoms-musiek nie, maar is reeds hier deur geloof. Ons leef die toekoms al in die hede. Natuurlik ontvou die ewige saligheid eers in die volmaakte toekoms saam met Christus, maar ons lewe hier in geloof is reeds deel van ons ewige bestaan.

Johannes laat die implikasie van hierdie sekerheid volg in die laaste verse (14-20): voorbidding het krag; die lewe wat in alle opsigte gestileer is deur die kennis van God – dit is om in sy lig te lewe! – sodat die duiwel nie houvas op ons het nie en gelowiges nie son-der meer aanhou sondig nie.

Wat is, in die lig hiervan, *geloofsekerheid*? Eintlik is geloof niks anders as sekerheid nie, sekerheid dat ek reeds die ewige lewe het!

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Dr. JP (Johannes) Bingle (Emeritus)